

Maandag 5 Julie

Skrifgedeelte: Obadja 1

Fokusgedeelte: Obadja 1:19-21

God is ons uitkoms en sekuriteit!

Die verse waarop ons vandag fokus, wys na die oorwinning uit die chaos van sonde. Ons sien 'n koninkryk (Juda) oorgegee aan hulle eie sonde, en wat leef onder die heerskappy van wêreldse dinge, word vernietig. In die plek daarvan beloof God 'n nuwe koninkryk waar almal Hom erken as die ewige Heerser oor alles. Hierdie koninkryk waarvan vertel word, verwys uiteindelik na die ewige koninkryk van God onder die heerskappy van Jesus Christus ons Here.

Sonde maak stukkend en verwoes, maar Jesus maak heel en vernuwe deur die offer wat Hy bring. Deur sy oorwinning breek die nuwe koninkryk van God aan en word elke gelowige reeds 'n burger van daardie koninkryk (Fil. 3:20). 'n Sionsplek onder die heerskappy van God. 'n Plek waar die mens in die teenwoordigheid van God lewe en onder die heerskappy van God dien.

Nou reeds as tempels van die Heilige Gees en as mense met vrye toegang tot God, geniet ons God se teenwoordigheid. Eendag wel die volheid daarvan wanneer ons by Hom tuiskom. Tot dan moet ons leef as diensknegte van ons Koning, vol van die Heilige Gees, en daarom getrou in ons diens en getuïenisse aan die wêreld. Afgesonder vir God.

Twee dae terug het ons gesien Edom het gedink hulle aardse koninkryk, Sela, bied ware sekuriteit, en tog het hulle tot 'n ewige val gekom. Luister daarom na ons Here Jesus (Matt. 6:19-21) en moet nooit sekuriteit soek in 'n aardse "koninkryk" nie, maar leef as hemelse burger tot eer van God. Hy is jou ewige uitkoms, sy heerskappy die ewige sekuriteit!

Sing: Skrifberyming 18-6:1-4

Ds. RJ Pretorius (Rynhardt) (Benoni)